## *Week 1: Om te smag na God (Stiltetyd)*

***7 – 13 April***

1. Mens tot mens. Dit is lekker om weer bymekaar te kom om saam te luister na wat die Here vir ons as kleingroep wil sê. Deel met mekaar dit wat julle in die Paastyd beleef of ervaar het wat julle in julle verhouding met die Here gehelp het. Wat het uitgestaan? Watter spesiale belewenisse het julle dalk gehad?

   ________________________________________
   ________________________________________
   ________________________________________

2. Mens tot God. Watter spesifieke dinge is daar waaroor ons God kan loof en prys? Noem ten minste twee praktiese goed wat die afgelope week gebeur het waarvoor jy God kan prys.

   ________________________________________
   ________________________________________
   ________________________________________

   Lees **Ps 136:1 – 3** hardop.

   Loof die Here, want Hy is goed.
   *Aan sy liefde is daar geen einde nie.*
   Loof die oppermagtige God.
   *Aan sy liefde is daar geen einde nie.*
   Loof die magtigste van alle maghebbers.
   *Aan sy liefde is daar geen einde nie.*

3. God tot mens: Bid nou dat die Here die Woord sal oopmaak en dat Hy helder met elkeen sal praat, nie net deur die Skrif nie, maar ook deur die mense rondom ons wat saam luister na sy stem.

   ________________________________________
   ________________________________________
   ________________________________________

4. Lees teks: Matt 26:36 – 46. Ons hou nie baie van *dissipline* nie. Ons wil dinge doen soos wat óns graag wil. Hoe raak dit ons verhouding met die Here?

   ________________________________________
   ________________________________________
   ________________________________________

5.1 Wat spreek jou die meeste aan in die teks wat ons gelees het?

______________________________

______________________________

______________________________

5.2 In vers 37 en 38 is daar drie woorde wat Jesus se emosies beskryf. Wat sê dit vir julle oor:

- Hom? ______________________________

  ______________________________

- Jouself? ______________________________

  ______________________________

5.3 Terwyl Jesus verskriklike angs ervaar rig Hy 'n spesiale versoek aan sy vriende. Wat is die versoek en hoekom dink julle vra Hy juis *dit* van hulle? Wat sê dit vir ons?

______________________________

______________________________

______________________________

5.4 Om te waak en te bid is nie altyd maklik nie (v 40 & 41). Wat is die dinge wat óns keer om gedissiplineerd stiltetyd te hou?

______________________________

______________________________

______________________________

5.5 Het dit enige waarde, of watter waarde het dit, as ons volhard in die dissipline om gereeld Bybel te lees en om te bid?

______________________________

______________________________

______________________________

6. Waarvoor sal ons bid?

6.1 vir die gemeente? ______________________________

______________________________

6.2 vir die wêreld/gemeenskap? ______________________________

______________________________

6.3 vir mekaar? ______________________________

______________________________

7. Wat gaan ons nou doen?

- Om meer gereeld stiltetyd te hou? ______________________________________________

  ______________________________________________________________________________

- Om ’n beter inhoud aan ons stiltetyd te gee? Deel met mekaar die verskillende maniere waarop julle stiltetyd hou

  ______________________________________________________________________________

  ______________________________________________________________________________